Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

OKTOBER 2020

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

MISDAAD NOU OOK TRAP-TRAP-SO BEKAMP

Na aan die middel van Augustus is 'n honderd swart en geel fietse aan die SAPD, Munisipaliteit Overstrand en vier geakkrediteerde buurtwagte oorhandig as deel van die provinsiale program vir die bevordering van volhoubare vervoer (PSTP).

Die PSTP word bestuur deur die departement van vervoer en openbare werke in samewerking met die departement van gemeenskapsveiligheid en die *Bicycle Mobility*-konsortium, bestaande uit die *Pedal Power*-vereniging, *Bicycle Empowerment-netwerk* en Qhubeka-liefdadigheidsorganisasie.

Om te help in die stryd teen misdaad en in 'n poging om openbare veiligheid te verbeter, is agt fietse toegewys aan die OnVerWag-buurtwag in Onrus/Vermont, vyf elk aan die Pearly Beach- en Franskraal-buurtwag en tien aan die Zwelihle-buurtwag.

Die polisiestasies in Gansbaai, Stanford, Hermanus en Kleinmond het vier fietse per stasie ontvang, terwyl Munisipaliteit Overstrand se wetstoepassing-, verkeer-, brandweer- en omgewingsbestuurdepartement 15 fietse elk ontvang het.

Elke fietser het ook 'n fietshelmet, -slot en -pomp, 'n moersleutel en 'n stelletjie vir die herstel van fietsbande ontvang tesame met 'n basiese veiligheid- en instandhoudingsgids sodat hulle hul fietse kan beveilig en kan sorg dat hulle in 'n goeie toestand is.

Hierdie stewige fietse is gemaak van dik staalbuise en het 'n drakrag van 250 kg.

Ten tyde van die oorhandiging het Tim Mosdell, HUB van die Bicycle Empowerment-netwerk, daarop gewys dat fietse aan almal 'n betroubare en toeganklike vervoermiddel bied wat hulle kan kry waar hulle moet wees en boonop 'n aktiewe leefstyl aanmoedig.

Hy het ook bevestig dat die netwerk steeds van voorneme is om 'n verdere 100 fietse aan leerders in die Overstrand te oorhandig sodra reëlings rakende die huidige Covid-19-inperking dit toelaat.

Kol. Muneeb Africa (Hermanus SAPD) lyk al te gretig om een van die fietse vir 'n "toetsrit" te neem. Daar om hom aan te moedig, was kapt. Blanche Davids (Stanford SAPD), kol. Winston Coetzee (Gansbaai SAPD), Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee en Tim Mosdell.

Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee het hierdie inisiatief om niegemotoriseerde vervoer te bevorder, geprys en gesê hy is baie bly dat daar in die toekoms" 'n klompie hoogs mobiele, uiters op-en-wakker-fietsers gaan wees wat gaan help om 'n ogie op die gemeenskap se veiligheid en algemene welstand te hou".

EEN HUIS, EEN TUIN

Munisipale ondersteuning voortaan afgestem op die bevordering van tuisgekweekte groente

In die groentetuin is die hoof van die Overstrand-kiesafdeling Masizole Mnqasela (links), Savarion Arendse van Ou Mutual, raadslid Arnie Africa, Burgemeester Dudley Coetzee, die eienaar van Ohana Environmental Consultants Melun Jeptha, die LUR vir Landbou, Dr. Ivan Meyer, Creation Wines se Carolyn Martin en Ann Wright.

Sedert die afkondiging van die nasionale inperking in Maart het Munisipaliteit Overstrand, in samewerking met verskeie vennote vanuit die privaat, nieregerings- en geloofsgebaseerde sektor, daarin geslaag om net meer as een miljoen maaltye aan kwesbare mense in die Overstrand te voorsien. Dit is bo en behalwe die noodleniging wat by wyse van die skoolvoedingskema en die departement van maatskaplike ontwikkeling se kospakkieprojek moontlik gemaak is en sluit die bydraes uit van vrywilligers wat besluit het om hul eie "sopkombuise" te bedryf.

Om maar een voorbeeld te noem, ter viering van Mandela-dag is sowat 3 000 liter sop per dag tussen 16 en 18 Julie 2020 voorberei. Op hierdie manier kon ongeveer 27 000 hongeriges in nooddruftige gemeenskappe wat strek vanaf Rooi Els, Mooiuitsig en Kleinmond tot Hawston en Mount Pleasant, Zwelihle, Stanford, Gansbaai, Buffeljagsbaai en Baardskeerdersbos 'n voedsame maaltyd geniet. Hierdie verstommende poging is moontlik gemaak met die hulp van verskeie weldoeners waaronder die Hemel-en-Aarde-brouery, Zelda la Grange, Deon Bing, die Kolisi-stigting, Riaan Manser en Cape Whale Coast Tourism.

Daar is egter 'n besluit geneem dat die munisipaliteit voortaan eerder sy finansiële ondersteuning vir sopkombuise/kospakkies moet kanaliseer om gemeenskappe aan te moedig om hul eie groentetuintjies aan te lê.

"Alhoewel ons ons dank verskuldig is aan die talryke individue, sakeondernemings en gemeenskapsorganisasies wat onverpoosd daaraan gewerk het om seker te maak dat niemand in hierdie moeilike tye honger gaan slaap nie, het die tyd aangebreek om ondersoek in te stel na ander maniere waarop gesinne se voedselsekuriteit verseker kan word," het Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee gesê.

HAWSTON SE GEMEENSKAPSTUIN BRON VAN INSPIRASIE

Kort na die afkondiging van die nasionale inperking het die Hawston-tuinklub besluit dat die tyd aangebreek het om iets daadwerkliks te doen oor die nood van baie huishoudings wat deesdae regtig sukkel om kos op die tafel te sit.

Die oomblik toe 'n verslapping van Covid-19-beperkings vroeg in Mei dit moontlik gemaak het, het plaaslike omgewingskonsultant Melun Jeptha en haar mede-tuiniers begin om 'n groente- en kruietuin op die eiendom van die St. Andrews-kerk in Hawston agter die Overstrand-sorgsentrum en Ability House aan te lê.

Met die hulp van 'n handjievol vrywilligers het Melun en haar span begin om die perseel op te ruim en kon in Junie/Julie hul eerste meerjarige plantjies en kruie plant met die oog daarop om die grond te verryk en hulle eie kompos aan die gang te kry sodat seisoenale groente wat nie té veel water nodig het nie op die lange duur aangeplant kan word.

Deesdae leer lede van die gemeenskaplik, hoofsaaklik vroue, fluks hoe om kompos te maak sodat hulle hul eie kos kan plant en kweek.

Onlangs het die Hawston-tuiniers uitgevind dat die Wes-Kaapse Regering 'n inisiatief genaamd "One Home, One Garden" van stapel gestuur het en Wyk 8-raadslede, Elnora Gillion en Arnie Africa, gevra of dit moontlik sou wees om by dr. Ivan Meyer, die Wes-Kaapse minister van landbou, met hul groentetuin te spog wanneer hy weer 'n besoek in Overstrand aflê.

Vroeg in Augustus is die tuiniers se droom bewaarheid en kon Melun aan die afvaardiging, gelei deur dr. Meyer, verduidelik dat 'n gedeelte van die groente wat in die tuin verbou word, aangewend sal word om die voedingsprogram van die aangrensende hospies aan te vul.

Sy het ook 'n prentjie geskets van 'n toekoms waar die vars produkte vir ruilhandel gebruik kan word en waar die oorskot as piekels, atjar en konfyt by boeremarkte en/of in restaurante te koop aangebied kan word.

Na afloop van dié aanbieding is hierdie groepie gemeenskapstuiniers gelaat met 'n reuseskenking van sade en kunsmis sowel as die belofte dat hulle te alle tye by die departement van landbou en Elsenburg kan aanklop om kundige raad sodat die gemeenskapstuin wat hulle op eie inisiatief gevestig het van krag tot krag kan gaan.

Enigeen wat hulp vir die Hawston-tuiniers wil aanbied, is welkom om Melun te e-pos by melon@franklinchana.org.za of Ann Wright by annwright@telkomsa.net.

WERKLOSE JEUGDIGES AKTIEF BETREK BY STRYD TEEN COVID-19

Ondanks die feit dat die regering alles in sy vermoë gedoen het om die boodskap by die publiek tuis te bring dat aanvegting van Covid-19 se impak daarvan afhang dat almal eenvoudige reëls nakom – wanneer jy uitgaan, dra 'n masker en handhaaf 'n sosiale afstand van ten minste 1,5 meter – is daar steeds mense wat hulle glad nie hieraan steur nie.

Nadat alle moontlike middele, met inbegrip van sosiale media, sonder sukses ingespan is om hierdie allerbelangrike boodskap by die publiek tuis te bring, het diegene belas met die bestuur van rampe in die Overbergdistrik vorendag gekom met 'n ietwat aweregse plan: Kom ons bied werklose jeugdiges die geleentheid om as gesante op te tree in ons stryd teen Covid-19.

Onder toesig van die nasionale departement van omgewingsake, bosbou en visserye is die munisipale koördineerders van die jeug se gemeenskapuitreikprogram genader om te help met die werwing van agt-en-tagtig gesante oral in die streek as 'n uitbreiding van die departement se Thuma Mina Good Green Deeds-projek.

Die enigste voorbehoud was dat hierdie potensiële kandidate boorlinge moes wees van die area waarin hulle hul pligte as gesante verrig, met ander woorde hulle moes nie as "buitestaanders" beskou word nie.

Overstrand se direktoraat plaaslike ekonomiese ontwikkeling het goedgunstiglik aangebied om die opleiding en ontplooiing van die "jeugbrigade" te fasiliteer, en nou het Overstrand twee-en-twintig jong Covid-19-gesante aan wie 'n mandaat verleen is om alle middele tot hul beskikking in te span om bewusmaking binne hul gemeenskappe op te skerp en die boodskap tuis te bring dat daar sekere voorkomende maatreëls is wat noodwendig gevolg moet word om die impak van die koronavirus teë te werk.

BETTYSBAAI SE AFLAAIPUNT SLUIT BINNEKORT

Die afval-aflaaipunt langs die biblioteek in Bettysbaai gaan vanaf die einde van Oktober 2020 nie meer gebruik word nie.

Soos uit die foto hierbo blyk, hou die gewoonte om deur asblikke te snuffel en rommel wat deur die wind verstrooi word 'n ernstige gesondheidsgevaar in vir enigeen wat die biblioteek besoek en kan dalk ook aanleiding gee tot plundery deur probleemdiere.

Ten tyde van die aankondiging dat die perseel gaan sluit, het Craig Mitchell, Munisipaliteit Overstrand se bestuurder: vasteafvalbeplanning, gesê dat die situasie in Bettysbaai nie uniek is nie: "As Rooi Els, Onrus en Sandbaai bygereken word, is hierdie die vierde mini-wegdoeningsterrein wat ons noodgedwonge om dieselfde redes die afgelope paar jaar moes sluit."

Hy het Bettysbaai se inwoners daaraan herinner dat huishoudelike afval op Dinsdae (Jock se Baai en Sunny Seas) en Woensdae (Bettysbaai-hoofdorp) afgehaal word en alle inwoners versoek om van probleemdierbestande houers gebruik te maak en om hul afval slegs uit te plaas op die geskeduleerde afhaaldae.

Daar kan met enige oormaatafval weggedoen word by Kleinmond se oorlaaistasie, en dit sluit tuinafval en bourommel in.

Restaurante en kommersiële ondernemings wat 'n behoefte daaraan het dat afval gereeld meer as een keer per week afgehaal moet word of dalk ekstra afvalhouers benodig, kan gerus reëlings in hierdie verband met hul plaaslike administrasie tref.

Vir besonderhede oor die tariewe vir addisionele afvaldienste, besoek Munisipaliteit Overstrand se amptelike webwerf www.overstrand.gov.za, klik op Strategic Documents, dan Budget en rol af na Annexure C (*Rates and Tariffs*).

SPEEL VIR DIE LIEFDE VAN DIE SPEL – *dit was die boodskap toe Gansbaai-Stanford se areabestuurder Francois Myburgh, Burgemeester Dudley Coetzee en die Rotariërs Malcolm Bury, Lana Coates, Sandy Pillans en Di Parker die nuutvoltooide netbalbaan aan kaptein Anchelle Damon en haar span oorhandig het.*

STANFORD-NETBAL SLAGGEREED *OM UIT TE BLINK* OP TUISBAAN

Vele oponthoude ten spyt, is Stanford se netbalklub verheug om op lange laas hul eie baan te hê waar die span na hartelus kan oefen en selfs toernooie kan aanbied.

Hierdie nuwe netbalbaan, neffens die sokkerveld in Bezuidenhoutstraat, is moontlik gemaak deur 'n vennootskap tussen die Rotariërklubs van Stanford en Knoxville (in die besonder Frank Rothermel en Kathryn Johnson) met behulp van 'n toekenning deur die wêreldwye Rotariërstigting.

Op 13 Augustus 2020 het Rotariër Lana Coates van Stanford se Rotariërklub die nuwe baan amptelik aan Munisipaliteit Overstrand oorhandig.

Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee het van dié geleentheid gebruikgemaak om die klub te bedank vir hul toewyding aan die welstand van Stanford se inwoners en het netbalkaptein, Anchelle Damon, en haar span vele skitterende seges toegewens.

HERMANUS-VERKEER HERVAT TOETSING IN OKTOBER

Vanaf 19 Augustus 2020 kon afsprake vir leerling- en bestuurderslisensietoetse weer gemaak word aangesien amptelike toetsing in Oktober gaan hervat.

Let ook daarop dat leerlinglisensies wat tussen 27 Maart en 31 Augustus 2020 verstryk het, geldig sal bly tot en met 31 Januarie 2021.

Om vir 'n leerlinglisensie aansoek te doen, bring die volgende saam:

- Twee ID-foto's
- Jou identiteitsdokument/-kaart
- R68 as aansoekgelde
- Bewys van jou adres

Om vir 'n bestuurderslisensietoets aansoek te doen, bring die volgende saam:

- Twee ID-foto's
- Jou identiteitsdokument/-kaart
- Jou leerlinglisensie
- R135 as aansoekgelde vir motorfietse en ligte voertuie
- R200 as aansoekgelde vir swaar voertuie
- Bewys van jou adres

ESKOM GAAN AANDAG SKENK AAN GEREELDE KRAGONDERBREKINGS IN GANSBAAI-STANFORD

Om en by die middel van Augustus het Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee, rdl. Riana de Coning en 'n aantal munisipale amptenare met verteenwoordiges van Eskom vergader om die frekwensie van Eskom-kragonderbrekings en die gevolglike impak daarvan te bespreek.

Veral die Gansbaai-Stanford-omgewing moet dikwels vir dae lank sonder krag oor die weg kom weens pale en maste wat omgewaai het. 'n Direkte gevolg hiervan is dat inwoners ook nie in staat is om via landlyne of selfone te kommunikeer nie.

Hierdie aangeleentheid is vir die eerste keer in Desember 2019 geopper, op welke tydstip Eskom 'n instandhoudingskedule as respons ingedien het. In Julie vanjaar het die gemeenskap weer eens hul kommer rakende hierdie kwessie geopper en versoek dat 'n werkbare en wedersyds aanvaarbare oplossing so gou as moontlik gevind moet word om werk te maak van hierdie saak.

Ten tyde van die voortspruitende vergadering wat middel-Augustus gehou is, het Eskom onderneem om 'n opname te doen van al sy elektrisiteitspale van Botrivier tot in Gansbaai asook van die lyn wat deur Kleinmond loop. As deel van 'n geskeduleerde instandhoudingsprogram het Eskom ook onderneem om alle verdagte pale te vervang en om die munisipaliteit asook die publiek betyds in te lig oor kragonderbrekings wanneer pale vervang moet word.

Van sy kant het die munisipaliteit versoek dat pale verkieslik met staalpale vervang moet word en dat alle pale met kabels geanker moet word waar sulke kabels nog nie aangebring is nie.

Eskom raam dat die opname en die aanbring van ankerkabels aan bestaande pale teen Maart 2021 afgehandel sal wees. Die vervanging van pale kan egter langer duur na gelang van die aantal pale wat vervang moet word en die fondse wat hiervoor beskikbaar is.

Die moontlikheid van 'n ringtoevoer is ook bespreek, maar die koste verbonde aan só 'n stelsel, wat deur Munisipaliteit Overstrand betaal sal moet word, is bloot nie bekostigbaar op hierdie tydstip nie.